Oordenking
26 Januarie 2017

Geloof en geloofwaardigheid. (2)

As Protestante en as Gereformeerdes is die uitdrukking "*gered deur geloof alleen*" vir ons baie bekend. Maar dan moet ons vra – wat is die aard van die geloof wat sal ons red?

Die geloof wat red kan nie sonder die begrip getrouheid of geloofwaardigheid verduidelik word nie. Want die verhaal van ons geloof is die lewe van die getroue Jesus.
Nêrens in the Nuwe Testament lees ons van 'n reddende geloof sonder 'n persoonlike verhouding met Jesus nie. En Jesus is meer as die Een in wie ons glo. Jesus is die enigste pad na die Christelike geloof. Dit is slegs omdat Christus "*alles gedoen het*" dat 'n sondaar se geloof moontlik is as 'n reddende reaksie op die Here se aanbod van verlossing.

Om deur geloof 'n volgeling van Jesus te wees impliseer dat ons Hom getrou volg en sy getrouheid tot die einde en tot aan die kruis sal reflekteer. Die Bybel sê geloof beteken "*die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.*" (Hebreërs 12:2).

Verlossing sluit 'n verhouding met die Messias in. So word ons deel van die volk van die Here. As Christelike geloof volwasse geloof word, word God se trou aan sy mense reflekteer deur die getroue geloofwaardigheid van die mense van God.

Geloof is 'n hartlike vertroue dat God se belofte van redding en die ewige lewe in Christus, die waarheid is.

Daarom is die gevolg van 'n geloof wat red dat mens Christus prakties en getrou volg deur Hom saam met sy mense in die Kerk, by sy Tafel en in sy werk te dien. Die hele tyd!